Atmosfeer van Genade

Deut. 6:20-25

Inleiding

- Kinders kry mos so fase waarin hulle skielik begin belangstel
  - in die verskillende strepe op die pad en die bordjies langs die pad.
  - Hulle wil dan weet wat dit alles beteken en as jy probeer verduidelik,
    - wil hulle weet oor hoekom dit nou alles juis só werk.
  - Hulle begin hulle wêreld verken,
    - wyer as wat hulle gewoonlik in belang gestel het.

- Dieselfde gebeur ook met die kinders van Christene
  - t.o.v. ons lewenspad-bordjies oor gedrag en moraliteit en reg en verkeerd.
  - Hulle word daarmee groot... en op 'n dag draai hulle om en begin vra... "hoekom!?"
    - Hoekom kan ek nie ook so laat wakkerbly nie?
    - Hoekom kan ek nie ook 'n foon hê nie?
    - Hoekom kan ek nie ook na daardie partytjie toe gaan nie?
    - Hoekom kan ek nie ook daardie musiek luister of fliek kyk nie?
      - Almal by die skool doen dit!!
    - En dis soms saam met 'n deur wat klap en trane!

  - Veral omdat hulle ook al hoe meer maats of vriende het wat nie met Christelike waardes in die huis groot word nie.
    - Moeilik om die probleme in te sien

- En om dan in hierdie tyd van hulle lewe net te antwoord:
  - "Wel,... dis hoe dit werk solank jy onder my dak is!"
  - klink dalk reg en asof jy opkom vir jou beginsels...
  - ...maar gaan dit regtig jou kind se hart verander?

- Kom ons kyk wat God ons leer oor
  - hoe ons, ons kinders, of enige mens rondom ons,
  - kan help om Christen moraliteit te verstaan op 'n manier wat
    - Jesus sigbaar maak
    - en na goeie nuus klink om na toe te hardloop...
  - eerder as slegte nuus om vanaf weg te hardloop.

- Daar is 'n plek in die Bybel wat
  - weet dat 'n kind eendag vir sy gelowige ouers gaan vra:
    - 'Maar hoekom werk dit só?'
  - En ons antwoorde kry ons ook daar: Deut. 6:20-25.

- God het in hoofstuk 5 pas vir sy mense die tien gebooie gegee
    - as riglyne vir sy mense se lewens
    - en nou begin hy praat oor hulle kinders en die toekoms:

- [Lees Deut. 6:20-25]

Kom ons gee bietjie agtergrond oor Deut. 6

- Die antieke volk Israel is deur God gemaak, geroep en gestuur op 'n missie
    - wat uniek besonders is
    - omdat die medisyne vir die mensdom deur en uit hulle sou kom.
        - Jesus en die evangelie

- Hulle móét daarom
    - hulle geskiedenis ken
    - en die feite en waarde daarin opgesluit
        - kan oordra vir generasies wat kom.

    - Die manier waarop hulle dit onthou het was
        - om die heilige vertelling van God se werk onder hulle,
        - amper soos 'n gedig te memoriseer en te kon oordra.

    - Hierdie 'vertelling' was die fondasie waarop absoluut alles van hulle bestaan gestaan het
        - – ook die verordeninge, voorskrifte en bepalings van God –
        - die lewenspad-bordjies en moraliteits-aanwysings was êrens in die grond.

- So wanneer hierdie kind in Deut. 6 sy pa vra:
    - "Pa, hoekom maak ons só en wat beteken die goeters wat God van ons vra",
    - staan hier dat die pa, nog vóór hy oor die wette praat,
    - moet begin om
        - hierdie heilige vertelling van Israel se geskiedenis in storie vorm as fondasie uit te rol.
        - Hy moet éérs die storie agter die storie gee –
    - en ons sien hier dis die genade-storie van God wat Israel red:

Wet en evangelie – (die genade storie)

- Dit begin daarby dat die kind moet weet
    - dat hulle almal slawe van die Farao in Egipte was.
    - Dat God hulle met magtige ingrype gered het.
    - Dat God met wonders gewys het Hy is groter as Farao en Egipte gestraf het.

- Maar dat God hulle uit Egipte gevat het om hulle in 'n land in te bring wat Hy lankal al vir hulle belowe het.

- Dís die heilige verhaal wat elke Israeliet moes ken as die bodem van hulle bestaan:
  - Die storie van genade dat
    - God hulle uit 'n slegte plek vat
    - na 'n beter plek
    - waar hulle nou aan God behoort.

- En omdat God 'n plan het om deur Israel
  - dieselfde maar op 'n baie groter skaal met die res van die wêreld te doen:
  - moet hulle hom nou volg in hierdie missie soos wat Hy sê:
    - daarom sy verordening, voorskrifte en bepalings...

- Die wette is dus nie sommer net *random* wette wat uit die lug val om jou pret te bederf nie.
  - Dit is ratwerk van kragtige betekenis binne 'n genade-verhouding met God
    - waarin God en mens op dieselfde missie is.
  - Hierdie ratwerk is juis dinge wat Jesus se dissipels in Vanderbijl help om op die missie te bly en 'n bydrae te maak.

  - Dít is in wese daardie pa se antwoord aan sy seun as hy in v 24 verduidelik
    - dat daardie wette hulle help om God se missie te dien
    - en dis die beste ding vir enige mens om mee besig te wees.

- Hierdie Ou-Testamentiese '*heilige verhaal*'
  - van redding uit Egipte en die kry van 'n nuwe land vir groot redes,
  - is die bloudruk van wat eeue later sou gebeur:
    - Vanderbijlparkers wat vry gemaak word om slawe van sonde te wees
    - en 'n nuwe plek kry om in te lewe, die koninkryk van Jesus
    - om daarin te werk vir groot redes.

  - Dis presies een en dieselfde storie van genade
    - dat God mense uit 'n slegte plek
    - vat na 'n beter plek
    - waar hulle nou aan God behoort.

- Die sleutel om raak te sien hoe hierdie gebeure bo-oor mekaar pas
  - omdat hulle dieselfde patroon het,
    - is hoe Johannes die Doper Jesus die eerste keer sien

        - en Hom beskryf as die paaslam van die uittog uit Egipte
        - wat die sonde van mense gaan wegneem sodat mense vry kan kom [Joh. 1:29].

    - Dít is die groot atmosfeer van genade waarin die hele Bybelverhaal na ons toe kom!
        - Die genade atmosfeer waarbinne
            - God se wet en die Christelike moraliteit se ratte moet draai.

- Ou én Nuwe Testament:
    - God wat uit genade red sonder dat ons 1 ding reg doen,
    - ...en dan wat dit vir ons lewens beteken.

- Sien, wat alle mense en ons kinders eers moet hoor is daarom
    - eers die goeie-nuus evangelie van onvoorwaardelike liefde
    - en in die lig daarvan ...riglyne.

- Dis hoekom die pa van Deut 6 vertel word om te antwoord soos wat hy moet antwoord.
    - Nooit wet sonder evangelie nie!
        - Eers evangelie van liefde...
        - en dan eers begin die wette wat leiding vir kinders/mense se lewens gee, sinmaak.

Die rede hieragter: Verhouding

- Kyk, daar is 'n logiese rede hoekom dit so werk: verhouding.
    - God is nie 'n masjien met knoppies nie.
    - Hy is persoonlik en wil dat ons eerstens Hom ken.
        - Wie is Hy?:
            - die God wat goed genoeg is om genade te hê vir mense wat sleg is.
            - Ons sien dit aan die kruis waar Hy vir jou instaan.
    - As Hy dan só goed is, kan ons Hom vertrou.
        - Om Hom te vertrou is om te aanvaar dat hoe Hy dinge wil hê die beste is... al verstaan ons nie.
        - En as ons Hom vertrou sal ons luister en doen wat Hy sê...
            - al verstaan ons nie...
        - Dit noem mens gehoorsaamheid.

- Gehoorsaamheid val nie uit die lug nie.
    - Dit staan bo-op die pilare van vertroue.
        - Eers as jy vertrou sal jy mos waag om te luister.
    - En hoe kan jy vertrou... deur te ken.

        - Vertroue staan weer op kennis.

- Dis die patroon van die gesprek wat ons in hierdie 5 verse sien:
    - **Seun:** Pa... hoekom luister ons vir God en wil pa hê moet ek dit ook doen?
    - **Pa:** Wel, seun... ken God net eers vir hoe Hy is – die Redder.
        - Hy het sy beloftes gehou en ons kan Hom altyd vertrou.
        - Almal wat nou 'n nuwe lewe het, is daarvan deel om Sy goedheid verder uit te vat –
        - en hiervoor sê hy presies wat ons moet doen en daarom doen ons dit... baie graag!
    - Ken ...vertrou...gehoorsaam.

Prakties

- Dis hoekom dit nie werk om jou kind net te forseer in bepaalde gedrag in nie.
    - Jy kan die dade dalk forseer –
    - Maar dit beteken nie daar is verhouding nie
        - met jou of God nie

- Net so min as wat jy tevrede gaan wees dat
    - jou skoonma beleefd en vriendelik met jou is en al die regte dinge doen en sê,
        - maar jy weet sy ken jou nie en vertrou jou nie.
    - Jy wil tog ook eerder dat sy jou ken en leer vertrou
        - en daarom later liefdevol teenoor jou optree
        - – egte verhouding.

- Dis dieselfde met God.
    - Die insettinge en riglyne vir die verhouding is daar...
    - maar sonder dat jou kinders Hom ken en sy genade vertrou...
    - help al die dade in die wêreld niks en is dit kunsmatig.

Atmosfeer van Genade

- So wat moet ons eerder vir ons kinders gee?
    - Jy behoort in die eerste plek meer daaroor gepla te wees
        - dat jou kind God se hart ken:
            - Wie Hy is en verstaan hoekom Hy aan die kruis vir hulle doen wat Hy het –
        - as wat jy in sy keel afklim omdat hy geld uit jou beursie steel of vir jou jok.
        - En dat die Here se liefde hulle spesiaal maak –
            - nie enige ander mens-plan nie

- Jy behoort jou kind dan te begelei om wat hy/sy van God weet
  - in hulle lewe in te weef en te oefen om God en sy beloftes te vertrou

- Die probleem is dat,
  - omdat die ander goed sigbaar is,
  - is ons baie meer daaroor gepla is.
    - Die gedrag moet reg

  - Maar ons vra nie die vraag oor die dieper plek waar die gedrag vandaan kom nie
  - Of hoe die evangelie die leemtes kan toemaak nie

- Die beginpunt is
  - om die kind te begelei om nuut oor homself/haarself in Jesus te dink
    - as iemand wat deur Hom duur gekoop is en liefgehê word...
  - dan kom die verandering van binne af gebaseer op 'n verwondering oor God
    - – sonder dat dit kunsmatig is.

- Gee jy jou kind wet... of evangelie?
  - Ís jy vir jou kind wet, of evangelie?
  - Wat heers in jou huis?
    - 'n Atmosfeer van wette en dan veroordeling en verwerping as dit gebreek word,
    - ...of 'n atmosfeer van genade waarin jou kind deur onvoorwaardelike liefde oorgewen en begelei word?

- Bedoel ek nou met als dat die evangelie van genade maak dat
  - verkeerde goed maar skielik reg word?
  - Dat jy hulle nie mag tug nie?

  - Nee,... maar as die evangelie nie die groter atmosfeer in jou huis is nie...
    - Daar is net wet en tug.
  - is die wet en tug uiteindelik 'n moordende gif.
    - Of die kinders probeer jou aanvaarding kry deur prestasie,
      - maar voel steeds sonder liefde of verhouding
      - – soos later met Israel gebeur het,
    - of hulle gaan aanvaarding soek by mense wat hulle nie veroordeel nie...
      - die snyers en dagga rokers en jollers
      - maar bitter gevaarlik is.

- Maar as julle eers in die evangelie van God se eindelose liefde rus

    - en jy hulle daarin help...
    - kan jy hulle van daar af kunstig vorm om God te vertrou en sy wil te volg...
    - om daaraan deel te neem dat ander ook sy goedheid leer ken... en Hom daarvoor prys.

- [doop toepassing]

Slot

- Ons kinders vra vrae oor Christen moraliteit en hulle toets die grense.

- Maar in plaas van wet...
    - kom ons gee eers vir hulle die groter storie van Christus.
    - Kom ons laat hulle 'n genade atmosfeer smaak in ons huise.

- Só sal hulle Hom in sy wonderlike genade leer ken,...
    - en as hulle Hom ken,
    - begin waag om Hom te vertrou...
    - en uiteindelik in gehoorsaamheid volg.

Amen

Griffel van Wyk
28 Junie 2015
Trinitas
Opgedra aan Vanderbijlpark se ouers